

Port Elizabeth / Noordeinde

## **Voorstelle om Laerskool Park se grond te gebruik**

### **AAN:DIE MINISIPALETEID**

Hallo, ek (Karien) en my boetie (Riaan) het op 7 MEI 2012 na Laerskool Park toe gestap. Ons eerste reaksie was toe ons daar instap dat daar so baie grond is wat niemand eers gebruik nie. Ek is seker daar is nog baie geboue wat julle wil oprug in hierdie dorp?

Indien julle nog nie by die afgebrande Laerskool Park was nie sal ons twee julle 'n bietjie inlig oor hoe dit daar lyk:

1. Die dakke is besig om alles intesak.
2. Die vloere is besig om te breek.
3. Die mure is swart van die vlamme toe die skool afgebrand het.
4. Dit ruik sleg.
5. Daar is baie rommel.
6. Dit is gevaarlik.
7. Daar kom bly mense wat nie huise het nie.

Toe ons die skool besoek het, het ons 'n man gesien in een van die klaskamers. En in een van die kamers wat in die ouer dae die boeke kamer was se boeke lê nog daar half-half uitgebrand.

### WAT JULLE KAN DOEN.

Eerstens kan julle die gebou afbreek en 'n ander gebou oprug daar, indien daar nie genoeg geld is nie of julle het nie 'n idee wat om opterug nie, kan julle begin deur om die rommel te verwyder en te herwin daarna kan julle die gras sny en die grasperk netjies hou. Daarna kan julle die tennis bane netjies maak en ook netjies hou. Julle kan dan rugby velde maak en sokker velde ook. Julle kan asook die toilette herstel en dit in gebruik sit. Is dit nie 'n ideale park nie? Julle kan selfs kennis gewings op sit op die radio en in die strate om mense te lok.

My gesin is nie van hier af nie ons bly eintlik in die kaap, maar ons dink as julle dit kan doen dan sal dit 'n hele verskil maak in die omgewing!

Saamgestel Deur:

Karien de Lange en Riaan de Lange  
(10 jaar oud) (8 jaar oud)

Kontak ons by:

082 466 7073

Riaan@sadogood.co.za